Die Hoër Tegnologiese Skool
John Vorster

19 Junie 2025

**OUEROMSENDBRIEF 4 VAN 2025**

Beste JV-Ouers/-Voogde

Die eerste ses maande van die jaar is bykans verby en die Junie-/Julie-wintervakansie wat voorlê, is ’n wonderlike vooruitsig vir ons almal. Baie dankie vir almal se hulp, ondersteuning, skoolfondsbydrae en samewerking die afgelope kwartaal. Dit word opreg waardeer!

Net die volgende paar sake ter inligting en om mee af te sluit:

1. **LAASTE WEEK VAN DIE KWARTAAL**

Tydens die laaste week van die kwartaal, 23-27 Junie, volg die leerders presies die rooster soos wat aan u en hulle deurgegee is. Elke leerder het die rooster ook in harde kopié ontvang. Geen leerders word gedurende hierdie week deur die Departement van Onderwys van skoolbywoning vrygestel nie.

Op Vrydag, 27 Junie, skryf die leerders nog ’n eksamenvraestel.

2. **AKADEMIESE SAKE**

Die skool begin op **22 Julie 2025 met dag 1**.

**Rapporte** word reeds op **27 Junie** 2025 aan die leerders versprei. U sal geleentheid kry om op **28 Julie 2025** 2025 die personeel te spreek tydens ’n **oueraand**. Verdere inligting volg later.

3. **SPESIFIEKE GR.12-INLIGTING**

Die Rekordeksamenrooster vir Gr.12-leerders volg binnekort. Ons hou ook die DBO-webwerf dop vir ’n finale eindeksamenrooster wat ons aan u sal stuur sodra dit beskikbaar is.

Gr.12-onderrigtyd is min, daarom sal **geen leerderafwesigheid** vir die res van die jaar sonder ’n **mediese sertifikaat** aanvaar word nie. Geen matriekleerder kan nou meer in skoolure vir lisensie-afsprake, ens. gaan nie. Alle fokus moet nou op hulle skoolwerk wees.

Die Distriksdirekteur het dit in haar laaste skrywe baie duidelik gestel dat **gr.12-leerders wat onnodig afwesig is, nie die addisionele onderrigklasse en -geleenthede bywoon wat deur die personeel voorberei word nie en klasse ontwrig deur nie huiswerk te doen nie, swak gedrag en laatkommery in klasse, deregistrasie in die gesig staar.**

Ons bid en glo dat ons hierdie jaar ‘n 100%-slaagsyfer vir die gr. 12-leerders kan behaal. Moedig u kind aan om die laaste paar weke vas te byt en goed voor te berei.

## 4. VOORKOMSAANGELEENTHEDE

Dankie aan al die ouers wat u kind ondersteun het, asook die leerders wat deur die loop van die kwartaal getrou by die voorkomsreëls gehou het. Ons waardeer dit opreg. Onthou dat u kind NOG STEEDS tydens die laaste week moet voldoen aan die voorkomsbeleid; daar word verwag dat leerders se voorkoms tot op die laaste dag volgens die reëls sal wees. Ons gaan nie die verweer van “dit is amper vakansie” aanvaar nie.

Wintersdrag word steeds gedurende die derde kwartaal gedra. Onthou asseblief dat die dra van ‘n das verpligtend en deel van die wintersdrag is.

JV-drag mag steeds op Vrydae gedra word, maar met die komende winter, moet ‘n leerder nie die JV-drag dra indien hy/sy nie oor ‘n **JV-skoolsweetpak** beskik nie. Moenie dat u kind JV-drag dra indien hy/sy dink hy/sy dalk die dag gaan koud kry en dan word truie/baadjies/allerhande ander warm kledingstukke daarby gedra. Hierdie items is ongelukkig ontoelaatbaar en sal afgeneem word. Laat u kind dan eerder die volledige JV-winterskooldrag dra.

Let asseblief daarop dat die skool se trui en/of baadjie NIE saam met siviele drag gedra mag word omdat die kind koud kry nie. Herinner u kind om die regte klere in te pak vir sportoefeninge. Daar is ook tans baie leerders wat plakkies saam met rugbykouse ensovoorts na westryde dra. Ons vra julle samewerking om toe te sien dat die leerders wegdoen met hierdie gier en eerder skoolklere aantrek of die goedgekeurde ondersteunersdrag.

Vergewis u asseblief ook net weer mooi van die harereëls - veral vir die seuns, want daar word op **22 Julie 2025 voorkomsinspeksie** gedoen. Dan moet die hare REEDS reg wees en nie eers later deur die week gesny hoef te word nie. Daar is baie keer ongelukkigheid wanneer ‘n leerder oor sy hare aangespreek word, want die kind is netjies. Dit is so, maar ons moet ongelukkig almal oor dieselfde kam skeer wanneer dit by die toepassing van reëls kom. Die hare langs die kant van die kop mag nie meer as 2 cm van die hare bo-op die kop verskil nie.

Die ander reëls in die Gedragskode word goed toegepas. Dankie daarvoor.

Herinner asseblief ook u seun wat reeds skeer, dat hy nie in die klasse toegelaat gaan word totdat hy geskeer is nie.

**5. FOUTIEWE ITEMS**

Leerders word daaraan herinner dat hulle die laaste week van die kwartaal alle items wat deur die loop van die kwartaal afgeneem is (dit sluit nie selfone en "vapes" in nie) by mev Boshoff by die klerebank moet gaan haal. Indien dit nie afgehaal word nie, word dit gedurende die vakansie aan behoeftige leerders geskenk.

**6. SPORTAANGELEENTHEDE**

Van ons sportsoorte het n baie goeie tweede kwartaal beleef. Ek dink veral aan die tafeltennis, tennis en netbal wat weer eens baie suksesvolle seisoene beleef het. Ons sportdeelname groei aansienlik en dit is verblydend om te sien hoe die JV's se geesdrif gedurende die jaar toeneem. Baie dankie aan die ouers wat die sport so getrou ondersteun, u kinders aanmoedig om te bly deelneem en hulle maats te ondersteun, asook om hulle aan te ry na byeenkomste toe.

Bergfiets het ook gedurende kwartaal 2 met hul seisoen begin en ons bied op 21 Junie 2025 ons tuiswedren aan. Die vernaamste deel van die seisoen begin in kwartaal 3. Die rugbyliga is ook afgehandel – ons is trots op die o/14-span wat gedurende kwartaal 3 verder sal deelneem aan die Noordvaalkompetisie.

Ons is opgewonde oor die skaakseisoen wat onder leiding van een van die top buite-afrigters in die stad, in kwartaal 3 voortgesit word. Die fokus in kwartaal 3 val dus op die spanafdeling. Sagtebal is tans besig met hul senior en junior proewe en ons sien uit na die seisoen wat voorlê. Die senior kriekettoer en junior krieketkliniek, ter voorbereiding van die liga in kwartaal 3, vind plaas gedurende die komende vakansie. Die AGN-landloopwedlope is volstoom aan die gang vir die liga wat in kwartaal 3 begin.

Dit was 'n propvol kwartaal met baie hoogtepunte en ons kan nie wag vir volgende kwartaal om weer eens ons sporttalente uit te leef nie.

**6. VAKANSIE-AKTIWITEITE**

Baie sterkte aan die leerders wat hierdie vakansie deelneem aan die **JV-Raadkamp** en die **eerstepan-kriekettoer en junior krieketkliniek,** asook die gr.12-leerders wat die **Winterskool** gaan bywoon.

Dankie aan die Wiskundepersoneel wat ook ‘n **Wiskundeskool vir die omliggende laerskole se gr.7-leerders aanbied.** Dankie aan alle personeel wat by dié aktiwiteite betrokke is en ook hulle vakansietyd daarvoor opoffer.

## 7. SKOOL SLUIT

Die skool sluit op Vrydag, 27 Junie om 11:00 vir die gr.8- tot 11-leerders, vir die wintervakansie.  Geen leerder sal vroeër uitgeteken word nie.

Die graad 12-leerders verdaag om 15:00 wanneer hulle PAT-sessie afgehandel is.  Alle gr.12-leerders is verplig om dié sessie by te woon.

Mag u en ons kinders ’n aangename rustyd beleef en mag ons Hemelse Vader sy hand van beskerming oor u hou sodat almal in die derde kwartaal weer veilig by die skool sal aanmeld.

Vriendelike JV-groete.

A DOWD
HOOF

100% GENUINE JV SEDERT 1962

012 332 1760  info@htsjv.co.za
Meyerstraat 1072, Rietfontein, Pretoria, 0186
www.htsjohnvorster.co.za